
# DIE REPTIELE VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

## DEEL IV

J.H. van Wyk



### DIE AKKEDISSE (SUB-ORDE SAURIA)

Die volgende Vrystaatse akkedisfamilie waarna ons meer spesifiek wil kyk is die familie Scincidae. Hierdie akkedisse is meestal as "akkedis" bekend en voorbeelde daarvan kan in byna elke tuin gesien word.

### IV. FAMILIE SCINCIDAE

Hierdie akkedisse word veral gekenmerk deur hulle slangagtige voorkoms en blink, gladde skubbe. Hulle sterte breek ook maklik af as deel van hulle verdediging. Daar is ook voorbeelde waar die ledemate afwesig is, wat hulle nog meer slangagtig maak. (L.W. Pootlose akkedisse word onderskei van slange deurdat hulle ooglede en ooropeninge besit).

Hierdie akkedisse is kosmopolitaans in hul verspreiding en bestaan uit meer as 600 spesies. In Suid-Afrika is nagenoeg 59 verskillende soorte (spesies en subspesies) wat in 8 groepe (genera) ingedeel word. In die Vrystaat vind ons 3 groepe en 10 soorte.


SLEUTEL TOT DIE GENERA

FAMILIE SCINCIDAE

Ledemate teenwoordig.



Ledemate afwesig.




*Acontias*

Geen beweegbare ooglede nie.



*Panaspis (Afroablepharus)*

Beweegbare ooglede.




*Mabuya*

## GENUS *MABUYA*

In die Vrystaat word 8 verteenwoordigers van hierdie groep aangetref en dit is baie moeilik om hulle die eerste keer met die blote oog te onderskei.

### SLEUTEL


Meer as 3 lengteverlopende wit strepe oor rug of geen strepe oor rug nie.



Keelskubbe gewoonlik wit.




Hele aantal duidelike lengteverlopende ligte lyne op die rugkant.




*M. homalocephala*

Geen duidelike lengteverlopende ligte lyne op die rugkant nie.



Die rugkant vertoon bont sonder duidelike ligte lyne.




*M. varia*

Die donker kolle op rug kan in lyne gerangskik wees.




*M. variegata*

Keelskubbe donker of gespikkel.




Meer as 3 lengteverlopende geel strepe oor rug of geen strepe oor rug nie.



*M. sulcata*

Gewoonlik twee duidelike geel strepe op die rug.




*M. striata punctatissima*

Net drie wit strepe oor die rug.




Twee bruin bande op rug sonder swart kolle.




*M. occidentalis*

Twee bruin bande op rug met swart kolle.




*M. capensis*

*MABUYA HOMALOCEPHALA SMITHII*
(Gray, 1845)
Smith-akkedis




**S.A.-verspreiding:** Vanaf die Langeberge by Swellendam ooswaarts deur die Oos-Kaap sover noord as Graaf-Reinet. Die spesies is ook gevind in Noordoos-O.V.S. en Suidoos-O.V.S.
**Kleur:** Die rugkant is bruin en sewe donker, lengteverlopende lyne op die rugkant is sigbaar. Vanaf net agter die oog tot by die basis van die stert is daar 'n ligte (wit) lengteverlopende lyn aan beide kante van die liggaam. Die maagkant is gewoonlik wit.
**Habitat:** Bergagtige dele by 'n hoogte van ± 1500 m.
**Voedsel:** Onbekend.
**Voortplanting:** Eiers word in die somermaande onder klippe gelê.

*MABUYA CAPENSIS*
(Gray, 1830)
Kaapse driestreep-akkedis




**S.A.-verspreiding:** Die grootste gedeelte van Suid-Afrika behalwe in die droë dele van die Wes-Kaap.
**Kleur:** Vertoon ligbruin tot grysbruin. Drie geelwit lengteverlopende strepe loop oor die rug en stert. Die middelste wit streep is breër as die lyne aan die kante. Die twee donker bande op die rug word gekenmerk deur afwisselende donker kolle. Die maagkant vertoon gryswit.
**Grootte:** Grootste mannetjie in die O.V.S. = 180 mm.* Grootste wyfie in die O.V.S.= 291 mm.
**Habitat:** Hulle kom in bykans enige habitat in die Vrystaat voor, maar veral in ons tuine.
**Voedsel:** Meestal insekte, veral kewers, sprinkane en krieke asook honderdpote.
**Voortplanting:** Kleintjies (± 8) word lewendig gebore in Februarie.

*MABUYA OCCIDENTALIS*
(Peters, 1867)
Westelike driestreep-akkedis




**S.A.-verspreiding:** Die droë karoo-agtige gedeeltes van die Kaapprovinsie asook die Klein-Namakwaland. Slegs gekry op die Suidwes-O.V.S.-grens.
**Kleur:** Word maklik verwar met *M. capensis.* Vertoon bruin tot donkerbruin, rugkant met drie geelwit lengteverlopende strepe oor rug. Hierdie strepe is duidelik met swart omlyn en die twee donker bande tussen die wit lyne vertoon nie dwars gerangskikte swart kolle nie. 'n Wit band strek vanaf die bolip langs die liggaam tot by die agterbene. Die maagkant is gewoonlik wit.
**Grootte:** Grootste mannetjie in die O.V.S. = 107 mm. Grootste wyfie in die O.V.S. = 194.*
**Habitat:** Tussen klippe of in die oop veld tussen bossies.
**Voedsel:** Meestal insekte.
**Voortplanting:** Kleintjies (± 7) word lewendig gebore in die laat somer.


*MABUYA VARIA*
(Peters, 1867)
Bont akkedis



**S.A.-verspreiding:** Langs die suidelike kusstreke van die Kaapprovinsie tot in die Suidoos-Kaap, vanwaar dan noordwaarts tot verder in Afrika en weswaarts tot in die Kalahari.
**Kleur:** Vertoon grysbruin tot bruin op die rugkant. 'n Baie duidelike wit streep loop langs die kante van die liggaam van die bolip tot by die agterbene. Die rugkant vertoon eerder patrone van donker kolletjies as definitiewe ligte en donker strepe. Die onderkant vertoon gryswit.
**Grootte:** Grootste mannetjie in die O.V.S. = 98 mm. Grootste wyfie in die O.V.S. = 93 mm.
**Habitat:** Meestal tussen rotse waar bossies welig groei.
**Voedsel:** Kewers, sprinkane, termiete, spinnekoppe en honderdpote.
**Voortplanting:** Kleintjies (2-4) word lewendig gebore in die laat somer.

*MABUYA SULCATA SULCATA*
(Peters, 1867)
Koppie akkedis






**S.A.-verspreiding:** Noordelike helfte van die Kaapprovinsie en die Westelike O.V.S.
**Kleur:** Merkwaardige kleurvariasies is 'n algemene verskynsel by hierdie spesies. Drie variasies word beskryf:

(a) Die rugkant en die voorste gedeelte van die onderkant vertoon swart (gewoonlik volwasse mannetjies).
(b) Die rugkant vertoon olyfgroen met 6 donker, lengteverlopende bande. 'n Wit lyn is soms te sien vanaf die bolip tot by die agterbeen (wyfies en jong mannetjies).
(c) Die rugkant vertoon donkerbruin sonder enige strepe. Die onderkant is meestal wit.

Hierdie spesies word gekenmerk deur swart spikkels op die skubbe van die keel.
**Grootte:** Grootste mannejites in die O.V.S. = 184 mm. Grootste wyfie in die O.V.S. = 207 mm.
**Habitat:** Tussen swart klippe van dolerietkoppies.
**Voedsel:** Meestal insekte, veral kewers, sprinkane en termiete.
**Voortplanting:** Kleintjies (± 5) word lewendig gebore in die laat somermaande.

*MABUYA STRIATA PUNCTATISSIMA*
(Smith, 1849)
Gestreepte akkedis







**S.A.-verspreiding:** Noordelike dele van die Kaapprovinsie en verder noordwaarts in Suid-Afrika.
**Kleur:** Rugkant vertoon donkerbruin. Op die kante van die rug is 'n heldergeel streep wat na agter verdof. Die skubbe tussen hierdie strepe het elkeen 'n wit kolletjie wat lengteverlopende ligte lyne mag vorm. Die onderkant is wit met donkerbruin en swart kolle op die keelskubbe en soms ook op die borsskubbe.
**Grootte:** Grootste mannetjie in die O.V.S. = 164 mm. Grootste wyfie in die O.V.S. = 75 mm.
**Habitat:** Lewe in byna enige habitat in die Vrystaat.
**Voedsel:** Termiete en ander insekte.
**Voortplanting:** Kleintjies (3-10) word lewendig gebore in die laat somermaande.

*MABUYA VARIEGATA*

Twee soorte (sub-spesies) van hierdie spesies word in die O.V.S. onderskei. Dit is egter moeilik om hulle met die blote oog te onderskei.


*MABUYA VARIEGATA VARIEGATA*
(Peters, 1869)





**S.A.-verspreiding:** Vanaf die Kunenerivier langs die weskus van die Kaapprovinsie tot by Clanwilliam en vandaar ooswaarts deur die Karoo tot by Kimberley. In die suidwestelike O.V.S. en ook by Zastron in die suidooste.
**Kleur:** Rugkant vertoon grys tot donkerbruin met 'n duidelike wit streep vanaf die bolip tot by die agterbene aan beide kante van die liggaam. Gewoonlik is daar 4 donker, lengteverlopende bande, wat deur fyn wit lyne afgewissel word, op die rugkant sigbaar. Die onderkant is meestal wit.
**Grootte:** Grootste mannetjie in die O.V.S. = 111 mm. Grootste wyfie in die O.V.S. = 119 mm.
**Habitat:** Tussen kleinerige rotse en die diertjies bly gewoonlik in 'n gat onder 'n rots.
**Voedsel:** Meestal insekte.
**Voortplanting:** Kleintjies (± 3) word in die laat somermaande lewendig gebore.

## *MABUYA VARIEGATA PUNCTULATA*
(Bocage, 1872)






**S.A.-verspreiding:** Transvaal noord van die Soutpansberg, die noordelike dele van die Kaapprovinsie en die Suidelike O.V.S. maar nie in die suidweste waar *M. v. variegata* voorkom nie.
**Kleur:** Rugkant vertoon grys-bruin met 3 ligte strepe sigbaar. Twee breë bruin bande is sigbaar tussen die ligte strepe. 'n Wit streep loop van die bo lip tot by die agterbene. Die maagkant vertoon meestal wit.
**Grootte:** Grootste mannetjie in die O.V.S. = 98 mm. Grootste wyfie in die O.V.S. =92 mm.
**Habitat:** Tussen bossies in klipperige gebiede.
**Voedsel:** Meestal insekte.
**Voortplanting:** Kleintjies (2-4) word lewendig gebore in die laat somermaande.

## GENUS *PANASPIS (AFROABLEPHARUS)*

### *PANASPIS (AFROABLEPHARUS) WAHLBERGII*
(Smith, 1849)
Slangoog-akkedis



**S.A.-verspreiding:** Transvaal, Natal, Zoeloeland en Sentraal O.V.S.
**Kleur:** Vertoon 'n ligte grys, bruin of goue rugkant met of sonder 6 donker strepe. 'n Wit streep wat vanaf die oë aan beide kante van die liggaam afloop tot by die stert is meestal sigbaar.
**Grootte:** Grootste mannetjie in die O.V.S. = 108 mm. Grootste wyfie in die O.V.S. = 108 mm.
**Habitat:** Kom meestal in termiethope of onder klippe voor.
**Voedsel:** Meestal termiete, spinnekoppe, miere en honderdpote.
**Voortplanting:** Eiers (± 9) word vroeg in die somer gelê.

## GENUS *ACONTIAS*

### *ACONTIAS GRACILICAUDA GRACILICAUDA*
Essex, 1925
Pootlose akkedis





**S.A.-verspreiding:** Suid-Transvaal, grootste gedeelte van O.V.S. en Oos-Kaap tot by Port Elizabeth. Vanuit Transvaal tot in die Noord-Kaap by Kuruman.
**Kleur:** Grootste gedeelte van die liggaam vertoon olyfgroen tot grysbruin. Die rugkantskubbe is met swart omlyn en die maagkant vertoon wit.
**Grootte:** Grootste mannetjie in die O.V.S. = 295 mm.
**Habitat:** Grondlewend, onder klippe en in ou termiethope.
**Voedsel:** Insekte en honderdpote.
**Voortplanting:** Onbekend.

**BIBLIOGRAFIE**


BRANCH, W.R. 1981. An annotated checklist of the lizards of the Cape Province, South Africa *Ann. Cape Prov. Mus. (Nat. Hist.)* **13**: 141-167.

DE WAAL, S.W.P. 1978. The Squamata (Reptilia) of the Orange Free State, South Africa, *Mem. nas. Mus., Bloemfontein* **11**: 1-160.

FITZSIMONS, V.F.M. 1943. The lizards of South Africa. *Trans. Mus. Mem.* **1**: 1-528.

GOIN, J.C., GOIN, O.B. & ZUG, G.R. 1978. *Introduction to Herpetology*. San Francisco: W.H. Freeman and Company.

PIENAAR, U. de V., HAACKE, W.D. & JACOBSON, N.H.G. 1983. *The Reptiles of the Kruger National Park*. National Parks Board of South Africa.


* 'n Gedeelte van die stert is geregenereer nadat dit afgebreek het.